higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

BEDRYFSBESTUUR
NKR VLAK 2

(3021012

13 November 2019 (Y-Vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees AL die vrae aandagtig deur.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n woord uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–P) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Betaal dit wat volgens die werk wat verrig is, bereken is	A	tender
1.1.2	Iets wat aan personeel gebied word om hulle aan te moedig om harder te werk	B	omgewings-behoefte
1.1.3	Toegang tot trappe, roltrappe en hysbakke ten einde dit makliker te maak om op 'n perseel rond te beweeg	C	bedryf
1.1.4	Toegang tot betroubare vervoer en infrastruktuur soos bergingsfasiliteite en 'n afvalwegdoeningsfasiliteit	D	uitbreiding
1.1.5	Diens wat gelewer word nadat die verkoopstransaksie afgehandel is	E	normstelling
1.1.6	'n Voorbeeld van 'n sakedoelwit	F	opname
1.1.7	Wanneer 'n organisasie sy bedrywighede met die minimum tyd en moeite uitvoer	G	kommissie
1.1.8	'n Vlak waarop gehalte gemeet kan word	H	finansiële redes
1.1.9	Ondernemings wat soortgelyke produkte en dienste aanbied, dryf handel in hierdie omgewing	I	Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid
1.1.10	Voertuie moet in 'n goeie toestand gehou word om te verseker dit verloor nie waarde en plaas nie 'n las op die onderneming weens uitgawes nie	J	infrastruktuur
1.1.11	Werkgewers is verplig om opleiding te verskaf aan werkers wat gevaarlike take verrig	K	doeltreffendheid
1.1.12	Klante takseer die diensvlak wat hulle van 'n onderneming ontvang	L	prosedures
1.1.13	Dit spel uit watter aktiwiteite uitgevoer moet word ten einde 'n organisasiebeleid te kan implementeer	M	aansporing
1.1.14	'n Aansoek om dienste te lewer of om goedere teen 'n aangeduide prys te voorsien	N	instandhouding
1.1.15	Dit lê die minimum gehaltevereistes vir 'n verskeidenheid produkte neer	O	bates
		P	SABS

(15 × 1) (15)

Kopiereg voorbehou

1.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Hulle koop dienste soos professionele raad en kundigheid wat hulle oor 'n tydperk ontvang:

A Klante
B Verskaffers
C Tenderpreneurs
D Kliënte

1.2.2 Wanneer ondernemings hul beeld aan die mense verkoop:

A Bemarking
B Aankope
C Navorsing en ontwikkeling
D Openbare betrekkinge

1.2.3 Die meeste werknemers in 'n organisasie is ongekwalifiseer of ondergekwalifiseer om hul take uit te voer:

A Leierskapsleemtes
B Vaardigheidsleemtes
C Tegnologieleemtes
D Prestasieleemtes

1.2.4 'n Geskrewe lys van 'n onderneming se doelstellings en doelwitte en 'n plan oor hoe dit verwesenlik gaan word:

A Aksieplan
B Sakeplan
C Strategiese plan
D Verkrygingsplan

1.2.5 'n Organisasie maak hierdie betalings om verliese weens dood of beserings in die werksplek te dek:

A Salaris
B Loon
C Skadevergoeding
D Vergoeding

(5 × 1) (5)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Die finansiële direkteur, senior rekenmeesters en finansiële klerke moet vir kommunikasiedoeleindes op die netwerk met mekaar verbind wees.

1.3.2 Werkers in die finansiële afdeling moet met veiligheidsdrag uitgerus word.

1.3.3 Die herhalende bedrywighede van 'n organisasie wat daarop gemik is om 'n produk te produseer of 'n diens te lewer, word as bestuur beskou.

1.3.4 'n Ideale manier waarop 'n bedryfsbestuurder kan leer en nuwe idees kan verkry, is om ander ondernemings se prosesse en prosedures waar te neem.

1.3.5 Beskikbare skryfbehoeftes is een van 'n onderneming se bates.

1.3.6 Opleiding maak werknemers produktief en gee aan hulle 'n gevoel van prestasie sodra die kursus voltooi is.

1.3.7 Om 'n onderneming se produkte te verkoop, is die administratiewe afdeling se verantwoordelikheid.

1.3.8 Hoeveelheid behels dat daar aan bepaalde produksiestandaarde voldoen moet word om klante tevrede te stel.

1.3.9 'n Afname in inkomste gee 'n aanduiding dat die onderneming goed vaar.

1.3.10 Ondernemings maak van opgehoopte wins gebruik om hul sakestelsels te laat werk.

(10 × 1) (10)
[30]

TOTAAL VIR AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae:

PLAASLIKE WEESHUIS VIER 20 JAAR

Die Bethany House Trust vier sy 20ste verjaarsdag met pannekoek, kolwyntjies, heerlike eetgoed en versnaperings, helderkleurige ballonne en natuurlik baie presente. Die funksie, wat op Saterdag, 18 Mei 2018 gehou is, word ook as 'n oop dag gebruik en word in oorleg met die Vriende van die Bethany House Trust gehou. Hulle is 'n groep onafhanklike mense wat die Trust al jare lank deur middel van verskeie inisiatiewe ondersteun.

'Die doel van hierdie oggend is nie net om Bethany House en sy ongelooflike kinders te vier nie, maar ook om ons borge of die partye wat moontlik belangstel, in staat te stel om ons huise te besoek en te sien wat ons doen,' dui Janet Davidson, die bedryfsbestuurder, aan.

Volgens die hoof- uitvoerende beampte van die Trust, Gert Jonker, het Bethany House in sy bestaan al nagenoeg 3 000 kinders grootgemaak en die Trust fokus steeds op drie areas van dienslewering aan kinders en die jeug, naamlik welsyn en gesondheid, opvoeding, en jeug- en sportontwikkeling. Die Vriende van Bethany House word ook bedank vir hul ondersteuning, lojaliteit en bydraes. Oor die afgelope vier jaar het hulle dit reggekry om meer as R1 miljoen vir die Trust en sy kinders in te samel, wat hul belangrikheid in die Trust se kring beklemtoon.

'Ons is uitermate geseënd met elke liewe individu wat 'n rol in hierdie kinders se lewe speel – ongeag regstreeks of onregstreeks. Ons wil almal bedank wat Bethany House gemaak het wat dit vandag is. Ons sien uit na die volgende twintig jaar,' sluit Gert af.

[Bron: Aangepas uit *Krugersdorp News, 15 June 2018]*

VRAAG 2

2.1 'Ons wil almal bedank wat Bethany House gemaak het wat dit vandag is. Ons sien uit na die volgende twintig jaar,' sluit Gert af.

2.1.1 Identifiseer SES belanghebbers van Bethany House. (6)

2.1.2 Dui die rol van elkeen van die belanghebbers aan wat in VRAAG 2.1.1 geïdentifiseer is. (6 × 1) (6)

2.2 Verduidelik waarom dit vir Janet Davidson belangrik is om elkeen van haar rolle effektief en doeltreffend uit te voer. (5 × 1) (5)

2.3 Jy word deur Janet versoek om die belanghebbersbeleid vir die organisasie te ontwikkel.

Verduidelik hoe jy die beleid sal ontwikkel. (3 × 2) (6)

2.4 Differensieer tussen die direkte funksies en indirekte funksies wat Janet as bedryfsbestuurder moet uitvoer. (2 × 2) (4)

[27]

VRAAG 3

3.1 Janet se rol sluit die toepassing van totalegehaltebestuur (TGB) in om 'n gehaltedienslewering te verwesenlik.

3.1.1 Definieer TGB. (2 × 1) (2)

3.1.2 Dui die voordele aan wat Bethany House sal trek uit die suksesvolle toepassing van TGB by die huis. (4 × 1) (4)

3.2 Gert Jonker versoek Janet om 'n verkrygingsbeleid vir Bethany House te ontwikkel.

Bespreek die redes dat 'n verkrygingsbeleid vir Bethany House van belang is. (2 × 2) (4)

3.3 Bethany House het 'n gesondheid-en-veiligheid-program nodig om te verseker dat daar te alle tye aan veiligheidsregulasies voldoen sal word.

3.3.1 Wat moet by die gesondheid-en-veiligheid-program ingesluit word? (4 × 1) (4)

3.3.2 Dui die voorsorgmaatreëls aan wat Janet tref om in Bethany House se veiligheidsbehoeftes te voorsien. (4 × 1) (4)

3.4 Janet moet ook die infrastruktuurfunksie van Bethany House uitvoer.

Verduidelik Janet se rol betreffende die infrastruktuurfunksie van Bethany House. (4 × 2) (8)

[26]

VRAAG 4

4.1 'Ons wil almal bedank wat Bethany House gemaak het wat dit vandag is,' sluit Gert af.

4.1.1 Gee VYF voorbeelde van belangrike menslike hulpbronne wat Bethany House kon maak wat dit is. (5)

4.1.2 Verduidelik die rol wat elkeen van die menslike hulpbronne, wat in VRAAG 4.1.1 genoem word, gespeel het. (5 × 1) (5)

4.2 Watter toerusting is nodig om Bethany House se bedrywighede uit te voer? (3 × 1) (3)

4.3 Verduidelik hoe Janet die volgende rolle as bedryfsbestuurder van Bethany House moet uitvoer:

4.3.1 Geboue

4.3.2 Programme

(2 × 2) (4)

[17]

TOTAAL VIR AFDELING B: 70
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou